### *Uiterlike ooreenkoms*

**34** Toe sê **Mathael** weer: "Hy is by ons. Maar daar is twee wat baie na mekaar lyk, sodat dit uiterlik baie moeilik is om vas te stel wie van hulle die ware een is. Ek glo dat dit die Een is wat nou al etlike kere met Cyrenius gepraat het. Maar dit kan ook die ander een wees, want beide gesigte straal in `n sekere sin `n hoë graad van wysheid uit! Hierdie een het ons al gehoor en Sy Woord was magtig, verstandig, ernstig en wys, maar `n wyse mens sou óók so kon praat. Die ander een het egter nog niks gesê nie, miskien omdat hy nie voortydig herken wil word nie. Wie van ons durf `n woord te rig tot die nog steeds swyende?"

[2] Hierdie swyende een was Jakobus die ouer een, wat, soos bekend, uiterlik baie na My gelyk het en ook net sulke klere gedra het soos wat Ek gewoonlik gedra het.

[3] Na die vraag van Mathael, gaan die vier ander uiteindelik ook staan en bespreek onderling wie van hulle die swyende sou aanspreek en wat hy sal moet sê. Geeneen van die vyf waag dit egter nie, en Mathael rig hom daarom weer tot die vriendelike Cyrenius en vra hom onopvallend of die swyende man dalk die Verhewe, Magtige Verlosser is - of dit tog Ek is. Want hulle wil dit tog ook graag met sekerheid uiterlik vasstel, om deur die aandrang van hul hart nie aan die verkeerde persoon uiterlike eer te bewys nie!

[4] **Cyrenius** sê: "Ek het nog geen bepaalde aanwysing van Hom gekry om Hom van naderby te beskryf nie. Voorlopig is dit nie die belangrikste nie, want Hy sien vóór alles maar net die hart van die mens aan. Julle harte is nou duidelik in die beste orde in die wêreld en voorlopig hoef niks daaraan toegevoeg te word nie. As dit egter Sy Wil is en belangrik sal wees vir julle heil, sal Hy Hom wel van naderby bekend maak aan julle. Ek dink egter dat, as julle ons gedurende hierdie dag van naderby sal gadeslaan, dit deur die skerp blik van julle buitengewone wysheid tog nie sal ontgaan wie van ons die Waaragtige en alleen Magtige is nie."

[5] Dit was voorlopig voldoende vir die vyf en nou eers begin hulle die omgewing ietwat beter waar te neem en hulleself af te vra waar hulle hulleself bevind. Hulle verstaan wel dat hulle hulleself aan die Galilese see bevind, hulle kon maar net nie uitvind presies waar nie.

[6] Toe sê **Cyrenius** vir hulle, omdat hy die meeste na hulle geluister het: "Julle is nou in die buurt van die stad Césarea Philippi op die eiendom van die ou Romeinse soldaat Markus, wat julle voorsien het van wyn, brood en sout. Op die oomblik is hy nie hier nie, omdat hy in sy huis besig is vir vanmiddag. As hy terugkom, sal julle hom wel in julle huidige, meer heldere toestand van naderby leer ken, want toe hy die brood, wyn en sout aan julle gegee het, was julle meer in die hiernamaals as hier, en het julle beslis weinig ooghare gehad vir sy baie agtenswaardige persoonlikheid."

[7] **Mathael** sê: "Ja, ja, jy het heeltemal gelyk! Ons besit nog wel die innerlike, helder toestand wat ons dadelik na ons ontwaking gehad het, maar toe het alles verskriklik, baie vreemd en onheilspellend daar uitgesien. Noudat alles egter stadig maar seker vriendeliker daar begin uitsien, en hierdie hele omgewing baie ligter en vriendeliker geword het, is ons ook vriendeliker, helderder en in `n sekere sin meer opgewek, hoewel ons daardeur ons innerlike, ware sienswyse nie kan wysig nie.

[8] Die waarheid, vriend, bly ewiglik die waarheid! Maar hierdie wêreld is vanaf vandag tot môre baie veranderlik en haar kinders ook. `n Mens kan hom nie heeltemal op iemand verlaat nie, want vandag is iemand nog jou vriend en môre is hy dit nie meer nie, of `n bose tong het jou verdag gemaak by hom waarop hy dan opgehou het om jou vriend te wees en heimlik reeds `n slegte oordeel oor jou gevel het!

[9] Sodoende is daar op hierdie wêreld geen bestendigheid nie, nie by dinge en ook nie by mense nie! Maar die Meester sal tog alles ten goede vir die mense omkeer!"

### *Die dood met sy eie wapens oorwin*

**35** **`n Tweede** uit die groep van vyf sê: "Ja, broer, ons hoop is nou alleen daarop gevestig! Hy Self moet weliswaar `n groot stryd met die mag van die dood stry, maar nou is daar geen twyfel meer aan `n sekerlike oorwinning nie! Want Hy ken die onmag van die dood en ken al sy grense en Hy weet ook dat die enigste mag wat die dood nog het, niks anders is as `n reeds gebonde drang om te lewe nie, en hierdie enigste mag kan nie téén Hom nie, maar slegs vir en saam met Hom teen homself stry as dit homself nie volledig kragteloos en daardeur heeltemal dood wil maak nie!

[2] Die strydende lewe, wat Hy Self is, het altyd die voordeel teen al die mag van die dood, omdat die eintlike, totale dood in die geheel geen mag het nie, en gelyk is aan `n swyende slingerklip in die hand van `n lewenskragtige slingeraar, wat daarmee kan doen wat hy wil.

[3] As daar egter in die dood, net soos in die fisiese liggaam van `n mens, `n mag homself bevind, dan is

hy ook lewe, ook al staan hy ook op `n baie lae trap. Hierdie lewe sal sekerlik nie met die egte lewe gaan stry om homself te vernietig nie, maar hy sal hom aan die lewe vasklamp en, daarmee verenig, worstel teen die veronderstelde mag van die dood soos wat `n doodsiek liggaam begerig die beker van die gesondheid aangryp en na die mond toe bring om daaruit nog langer tyd met die eintlike lewe te lewe en om uiteindelik heeltemal daardeur opgeneem te word.

[4] As die lewe homself eenmaal so gevind het, soos in ons Verlosser, vir wie ons persoonlik tot op hede nog nie met sekerheid herken het nie, dan is dit al volkome goddelik en daarbuite bestaan daar dan geen mag wat dit sou kon oorwin nie, omdat daar geen ander mag meer buite hierdie kan wees nie!

[5] Ons weet wat hierdie aarde is, wat son, maan en al die tallose sterre is. Dit is merendeels ontsettende groot hemelliggame, talle is selfs onuitspreeklik groter as hierdie aarde van ons. Op sigself is hulle wel dood, dit wil sê wat betref hul groot liggaam, maar die mag van die goddelike lewe dwing al die ontelbare liggame tot `n noodsaaklike beweging en nie somaar `n eenvoudige beweging nie, maar `n baie ingewikkelde een.

[6] Wat kan al die ontelbare wêreldreuse teen die altyd dwingende mag van die vrye, goddelike lewe doen? Niks! Soos stof deur die storm word hulle deur die goddelike lewenskrag in onmeetlike, groot bane voortgedryf en al die oneindige ontelbares kan hulleself in ewigheid nooit verset teen die vrye lewenskrag nie. Hulle kan hulle net so min verset as die miriades stofkorreltjies teen die storm wat hulle van `n woeste veld optel en deur die lug na verre vertes voortstu!

[7] Daarom sal Hy oorwin, en het Hy eintlik lankal oorwin! Maar sodat die mense deel sal hê aan die oorwinning van die lewe oor die dood, sal daar nou `n nuwe en laaste stryd gevoer moet word!

[8] Ek sien dan ook bo die hele oneindigheid met ewig stralende letters die volgende geskrywe: **'Hy, die Ewige Lewe Self, het vir ewig die dood met haar eie wapens oorwin, en die dood moes haarself vernietig, sodat al die lewe slegs deur Hom, die ewige Stryder, vry kan word!** Daarom aan U, die Ewige, verhewe Een, al die heil!'"

[9] Hierdie woorde tref **alle aanwesiges** so dat hulle hulleself voor My op die aarde neerwerp en met alle mag uitroep: "Ja, ja, ja, U, Ewige, Verhewe Een, al die heil!"

[10] Hierdeur herken die vyf My en **Mathael** sê uiteindelik baie ontroer, terwyl trane van dankbaarheid oor sy wange rol: "Dus U - U - is die Ewige, Verhewe Een! O, wat `n skouspel vir ons dooies, om die alleen Lewende te sien!" - Daarna swyg hy en is net soos alle aanwesiges in diepe beskouing versonke.